- a) Om tot die Honneurs BCom (Geoktrooieerde Rekenmeesterskap (GR))-graad toegelaat te word, moet die student in besit wees van 'n BCom-, BRek- of 'n ander graad soos deur die Fakulteitsraad goedgekeur, met die volgende modules (of kursusse gelykwaardig hieraan), naamlik Rekeningkunde (ACCC371), Ouditkunde (AUDT371), Bestuursrekeningkunde en Finansiële Bestuur (MACC311, FINM321), en Belasting (TAXC371). Alternatiewelik moes die student reeds minstens een jaar se deelydse studie in Honneurs BCom (Geoktrooieerde Rekenmeesterskap) of gelykwaardig daaraan aan 'n universiteit voltooi het.
- b) Die student moet 'n gemiddeld van minstens 60% in Rekeningkunde en 'n gekombineerde gemiddeld van 55% vir Ouditkunde, Bestuursrekeningkunde & Finansiële Bestuur en Belasting in sy/haar finale jaar behaal het ten einde tot een jaar voltydse studie toegelaat te word. Indien een van die bogenoemde modules gekondoneer is, word toelating verbeur.
- c) 'n Student wat 'n ander graad as die BCom (GR) of ekwivalent verwerf het (m.a.w. enige graad anders as een wat by die South African Institute of Chartered Accountants (SAICA) geakkrediteer is), moet ten einde toelating tot die Honneurs BCom (GR) te verkry, eers die Honneurs BCom (Finansiële Rekenmeesterskap) met addisionele modules verwerf. Gedurende daardie honneursjaar moet die Ouditkunde-module (AUDT371) en die Strategie-module (STRA321) op derdejaarsvlak addisioneel voltooi word om vir die Honneurs BCom (GR) oorweeg te word. Dieselfde persentasievereistes soos in paragraaf (b) hierbo vermeld, sal dan geld.
- d) Studente wat die BCom (Forensiese Rekenmeesterskap) of Honneurs BCom (Forensiese Rekenmeesterskap) voltooi het, kan aansoek doen om toelating mits hul ook aan die vereistes in paragrafe (a) en (b) hierbo voldoen, sowel as die volgende addisionele modules suksesvol geslaag het: MACC211, MACC221, MACC311, FINM221, FINM321 en STRA321
- e) Vir toelating tot hierdie graad moet daar by die Programleier van die Program vir Geoktrooieerde Rekenmeestersopleiding (GR) aansoek gedoen word, op die voorgeskrewe vorm, voor die aanvang van die akademiese jaar.

E.8.4.4.1.2 FINANSIËLE REKENMEESTERSKAP

- a) Om tot die Hons. BCom (Finansiële Rekenmeesterskap)-graad toegelaat te word, moet die student in besit wees van 'n B.Com- of ander graad, soos deur die Fakulteitsraad goedgekeur, met die volgende modules (of kursusse gelykwaardig hieraan), naamlik Finansiële Rekeningkunde (ACCF311, 321); Inkomstebelasting (TAXF311, 321); Bestuursrekeningkunde en Finansiële Bestuur (MACC311, FINM321); Ouditkunde (IAUD211, 221, 321) en Handelsreg (MLAW121, 311). Vir ACCF311, 321 en TAXF311, 321 of gelykwaardige kursusse word 'n gemiddelde

modulepunt van 60% en vir MACC311/FINM321 'n gemiddelde modulepunt van 55% vereis en die res 50%.

- b) Vir toelating tot hierdie graad moet op die voorgeskrewe vorm by die Programleier van die Program vir Finansiële Rekenmeestersopleiding aansoek gedoen word voor die aanvang van die akademiese jaar.

E.8.4.4.1.3 BESTUURSREKENINGKUNDE:

Die vereiste is vir MACC311 en FIMN321 60% elk en 'n gemiddeld van 60% vir ACCF311 en 321 (of 50% vir ACCC371).

Die program sal slegs deelyds aangebied word indien daar volgens die komitee genoeg suksesvolle aansoekers is.

E.8.4.4.1.4 FORENSIESE REKENMEESTERSKAP

Die student moet 'n gemiddeld van minstens 60% in Forensiese Rekeningkunde en minstens 55% in Rekeningkunde in die finale jaar hê om aansoek te doen vir die Honneurs BCom.in Forensiese Rekenmeesterskap.

E.8.4.4.2 504123: E630P HONS BCOM GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERSKAP (VOLTYS)

JAARMODULES		
MODULEKODE	KR	Beskrywing
RECP 671	48	Gevorderde finansiële rekeningkunde
RECP 672	48	Gevorderde ouditkunde
RECP 673	48	Gevorderde belasting
RECP 674	48	Gevorderde bestuursrekeningkunde en finansiële bestuur
TOTALE KREDIETE VIR DIE KURRIKULUM	192	

(Hierdie kurrikulum begin in 2014)

JAARMODULES		
MODULEKODE	KR	Beskrywing
REKP 671	32	Gevorderde IFRS en Groepstate
REIP 671	32	Gevorderde Belasting en Trusts
REKP 674	32	Oudit en Korporatiewe Beheer
REKP 675	32	Finansiële Bestuur en Strategie
REKP 676	32	Toegepaste Navorsing in Finansiële Rekenmeesterskap
TOTALE KREDIETE VIR DIE KURRIKULUM	160	

MODULE VERANDERINGS: FINANSIËLE REKENMEESTERSKAP (vanaf 2014)

Ou Module	Kr	Staak	Nuwe Module	Kr	Begin
REKP672	32	Des 2013	REKP674	32	Jan 2014
REKP673	32	Des 2013	REKP676	32	Jan 2014
BRKP671	32	Des 2013	REKP675	32	Jan 2014

E.8.4.4.4 504125: E636P HONS BCOM BESTUURSREKENMEESTERSKAP (VOLTYDS)

(Hierdie kurrikulum begin in 2014)

MODULEKODE	KR	Beskrywing
EERSTE SEMESTER		
MACC 611	16	Organisasiebestuur
MACC 612	16	Beplanning en evaluering
MACC 613	16	Besluitneming en beheer
MACC 614	16	Risiko bestuur
TWEEDE SEMESTER		
MACC621	16	Geïntegreerde bestuur
MACC622		Besigheidstrategie
MACC623		Finansiële Rekeningkunde
MACC624		Finansiële Strategie
JAARMODULES		
MACC671	32	Toegepaste navorsingsprojek vir bestuursrekenmeesters
TOTALE KREDIETE VIR DIE KURRIKULUM	160	

E.8.4.4.5 504125: E632P HONS BCOM BESTUURSREKENMEESTERSKAP (VOLTYDS EN DEELTYDS)

(Hierdie kurrikulum verval en word nie in 2014 aangebied nie)

MODULEKODE	KR	Beskrywing
EERSTE SEMESTER		
BRKP 613	16	Beplanning en besluitnemingstegnieke
BRKP 614	16	Bestuursbesluitneming
TWEEDE SEMESTER		
BRKP 623	16	Prestasie-evaluering en -bestuur
JAARMODULES		
BRKP 671	32	Finansiële besluitneming
BRKP 672	32	Inligtingstelsels en geïntegreerde bestuur
BRKP 674	32	Organisasiebestuur
BRKP 676	32	Bestuursrekeningkunde: Finansiële analise
TOTALE KREDIETE VIR DIE KURRIKULUM	176	

E.8.4.4.6

504132: E634P

HONS BCOM IN FORENSIESE REKENMEESTERSKAP (VOLTYDS)

JAARMODULES		
MODULEKODE	KR	Beskrywing
FORP671	48	Gevorderde forensiese rekeningkunde
FORP672	48	Forensiese gevallestudies
RECP671	48	Gevorderde finansiële rekeningkunde
TOTALE KREDIETE VIR DIE KURRIKULUM	144	

E.8.4.5 POTCHEFSTROOM BESIGHEIDSKOOL**E.8.4.5.1 NAGRAADSE DIPLOMA IN BESTUUR****E.8.4.5.2 TOELATINGSVEREISTES**

Ten einde vir toelating tot die Nagraadse Diploma in Bestuur in aanmerking te kom, moet 'n student reeds 'n baccalaureusgraad, of 'n ekwivalent daarvan soos goedgekeur deur die Senaat verwerf het. Daarbenewens moet die student voldoen aan enige verdere vereistes voorgeskryf in die reëls van die fakulteit wat die Nagraadse Diploma in Bestuur aanbied

E.8.4.5.3 KURRIKULUM**E.8.4.5.3.1****549112: E535P****NAGRAADSE DIPLOMA IN BESTUUR (NDB)**

NAGRAADSE DIPLOMA IN BESTUUR					
EERSTE SEMESTER			TWEEDE SEMESTER		
KODE	Beskrywing	KR	KODE	Beskrywing	KR
CCMM 511	Algemene bestuur.	12	BLAE 521	Besigheidsreg en etiek	12
CCMM 512	Ekonomiese toepassings en beginsels	12	BLLR 521	Arbeidsverhoudinge	12
CCMM 513	Basiese inligtingstelsels	12	GHRM 526	Mensehulpbronbestuur	12
CCMM 514	Rekeningkunde en finansies	12	MKTM 521	Beginsels van bemaking en reklame	12
BLSF 511	Formulering van strategie	12	BLSI 521	Strategiese implementering: Maatskappy projek	12
Totale krediete vir NDB					120

E.8.5 MODULE-UITKOMSTE VAN HONNEURSMODULES

E.8.5.1 MODULE-UITKOMSTE (SKOOL VIR EKONOMIE)

MODULEKODE: ECON610	SEMESTER 1	NKR-VLAK: 8
TITEL: BELEGGINGSBESTUUR		
MODULE-UITKOMSTE: Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om met behulp van die volgende kennis 'n gestruktureerde proses vir 'n beleggingsbestuursfirma te ontwerp of te ontwikkel: <ul style="list-style-type: none">• bo-na-onder-aspekte van portefeuljebestuur• batetoewysing• risiko-assessering en risikobestuur• aandele-ontleding• staats-, korporatiewe en inflasiebeskernde effekte in portefeuljebestuur• industrie-ontleding• stylontleding• belastingdoeltreffende investering• verhandeling• maatskaplik verantwoordelike investering en korporatiewe betrokkenheid• alternatiewe beleggings• verskansingsfondsstrategieë		
MODULEKODE: ECON611	SEMESTER 1	NKR-VLAK: 8
TITEL: MIKRO-EKONOMIE		
MODULE-UITKOMSTE: Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om: <ul style="list-style-type: none">• mikro-ekonomiese probleme op te los met behulp van logiese en kwantitatiewe vaardighede;• krities en analities oor werklikheidskwessies te dink en om 'n reeks mikro-ekonomiese beleidskwessies krities te ontleed;• mikro-ekonomiese argumente en bewyse te evalueer; en• mikro-ekonomiese argumente mondeling en skriftelik aan te bied.		
MODULEKODE: ECON612	SEMESTER 1	NKR-VLAK: 8
TITEL: MAKRO-EKONOMIE		
MODULE-UITKOMSTE: Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees: <ul style="list-style-type: none">• om 'n deeglike begrip van die funksionering van die Makro-ekonomie oor sowel die lang- as die kort-termyn te demonstreer;• om die vermoë te demonstreer om makro-ekonomiese probleme soos groei, inflasie en werkloosheid te ontleed en daarvan werk te maak deur middel van verskillende analitiese metodes; en• om u kennis van die verskillende gesigspunte oor die onderlinge verbande en interafhanklikhede in die ekonomie as geheel aan te wend om makro-ekonomiese beleidsaanbevelings in die Suid-Afrikaanse konteks te evalueer.		

MODULEKODE: ECON613	SEMESTER 1	NKR-VLAK: 8
TITEL: UITVOERMARKONTWIKKELING		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • afgeronde en sistematiese kennis te demonstreer van die druk wat deur die internasionale besigheidsomgewing op maatskappy uitgeoefen word; • as individu en/of as deel van 'n groep te demonstreer hoe om te bepaal of 'n maatskappy uitvoergereed is – selfs waar verkleining van die plaaslike mark en/of mededingende druk dreig – om buitelandse markte te betree; • afgeronde en sistematiese kennis te demonstreer van die verskillende tegnieke wat gebruik word om die potensiaal van buitelandse markte te bepaal en met behulp van hierdie tegnieke geskikte marksegmente en marktoetredingstrategieë te identifiseer – almal teen die agtergrond van wisselende maatskappyvereistes en -omstandighede; • die vermoë te demonstreer om verskillende soorte en bronne van inligting oor buitelandse markte te evalueer, asook die tegnieke wat gebruik word om sodanige inligting te assessee en vertolk; en • die bekwaamheid te demonstreer om uit 'n internasionale perspektief elkeen van die beheerbare elemente van bemarking te evalueer en deur sodanige evaluering te bepaal hoe die elemente die beste gekombineer en toegepas kan word in die lig van wisselende maatskappy- en markomstandighede. 		
MODULEKODE: ECON614	SEMESTER 1	NKR-VLAK: 8
TITEL: ONTWIKKELINGSEKONOMIE		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n deeglike kennis van die beginsels en toepassing van ekonomiese ontwikkeling te demonstreer; • op intelligente wyse as 'n ekonoom aan die ontwikkelingsdebat deel te neem; • die onderling verbonde aspekte en toepassings van ekonomiese ontwikkeling binne die teoretiese raamwerk te vertolk, begryp en uit te druk; • begrip te hê van die praktiese omstandighede in minder ontwikkelde lande (MOL'e); • konsekwente ekonomiese beleidsadvies wat 'n verskil kan maak aan die ekonomiese probleme van minder ontwikkelde lande, veral Afrikalande suid van die Sahara, met inbegrip van Suid-Afrika, te formuleer; • die opstelling van sosio-ekonomiese ontledings van 'n gebied en die skryf van verslae, met inbegrip van die toepassing van regressie-ontledings en ander tegnieke wat in ander verwante dissiplines bestudeer is, om verskillende aspekte van ekonomiese ontwikkelingsverskynsels <i>toe te pas</i> en te verduidelik; en • voorstelling van 'n ekonomiese beleidraamwerk. 		
MODULEKODE: ECON615	SEMESTER 1	NKR-VLAK: 8
TITEL: AFGELEIDE INSTRUMENTE		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • afgeleide instrumente van CBOT, LME, SAFEX en verwante markte, aan te wend in die oplossing van risikobestuur-senario's; en • praktiese kennis van maniere waarop die prysrisiko's van: <ul style="list-style-type: none"> • plastiek, 		

- geselekteerde metale,
- goud,
- mielies, koring, sonneblom,
- aandele op die JSE,
- effekte,
- rentekoerse en
- buitelandse valuta met afgeleide instrumente verskans word, te demonstreer.

MODULEKODE: ECON616

SEMESTER 1

NKR-VLAK: 8

TITEL: INTERNASIONALE EKONOMIESE TEORIE

MODULE-UITKOMSTE:

Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:

- afgeronde en sistematiese kennis te demonstreer van die teorie van internasionale handel;
- die vermoë te demonstreer om internasionale handelsbeleid te evalueer; en
- as individu en/of as deel van 'n groep wisselkoerse en makro-ekonomie in 'n oop ekonomie te analiseer.

MODULEKODE: ECON617

SEMESTER 1

NKR-VLAK: 8

TITEL: EKONOMETRIE

MODULE-UITKOMSTE:

Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:

- afgeronde en sistematiese kennis van tydreeds-regressie-modelle en spesifikasietoetsing van die resultate te demonstreer;
- as individu en/of as deel van 'n groep die praktiese vaardighede te demonstreer om tydreeds-regressiemodelle met EViews-programmatuur te skat en te toets, spesifikasietoetsing te onderneem, met inbegrip van toetsing vir stasionariteit, struktuur breuke, multikollineariteit, heteroskedastisiteit, outokorrelasie en koïntegrasie, en om oplossings te formuleer vir praktiese probleme op die terrein van Ekonomiese ontledings; en
- die vermoë te demonstreer om 'n navorsingsvraag op die terrein van die Ekonomie, Risikobestuur of Internasionale Handel te identifiseer, tersaaklike inligting te herwin, tydreeds- ekonometriese metodes toe te pas om die navorsingsresultate te ontleed en te vertolk, en dan die bevindinge in 'n eties gesonde mondelinge aanbieding oor te dra met behulp van die toepaslike IT, asook in 'n verslag / artikel van 20 bladsye.

MODULEKODE: ECON618

SEMESTER 1

NKR-VLAK: 8

TITEL: NAVORSINGSMETODES

MODULE-UITKOMSTE:

Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:

- afgeronde en sistematiese kennis van die navorsingsproses, die opstel van vraelyste, die uitvoering van opnames en die ontleding van opname-data te demonstreer;
- as individu en/of as deel van 'n groep die praktiese vaardighede te demonstreer om 'n navorsingsprojek te beplan, 'n vraelys te ontwerp, 'n aanvoorstudie te onderneem, die resultate met behulp van SPSS te ontleed en hulle te verbrei; en
- die vermoë te demonstreer om 'n navorsingsvraag op die terrein van die Ekonomie, Risikobestuur of Internasionale Handel te identifiseer, tersaaklike inligting te herwin, basiese statistiek en ekonometriese metodes toe te pas om die navorsingsresultate te ontleed en te vertolk, en dan die bevindinge in 'n eties-verantwoordbare mondelinge aanbieding oor te dra met behulp van die toepaslike IT, asook in die vorm van 'n projekverslag / artikel van 20 bladsye.

MODULEKODE: ECON619	SEMESTER 1	NKR-VLAK: 8
TITEL: INTERNASIONALE VERVOER		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • afgeronde en sistematiese kennis van die verskillende vorme van vrag en die maniere waarop dit oor grense of na ander wêrelddele vervoer kan word, te demonstreer; • begrip van die verskillende vervoerdienste wat tans in die Suider-Afrikaanse streek beskikbaar is, te demonstreer; • afgeronde en sistematiese kennis van die vervoerinfrastruktuur in Suider-Afrika te demonstreer, met die fokus op die inisiatiewe wat van stapel gestuur is om die streek se fisiese verspreidingsvermoëns te stimuleer; • as individu en/of as deel van 'n groep die algemene beginsels wat die verpakking, merking en stoorkoste van goedere vir internasionale vervoer beïnvloed, te demonstreer en daardeur te illustreer hoe hierdie beginsels toegepas word in die geval van algemene teenoor gevaarlike vrag en lug- teenoor see-besendings; • die vermoë te demonstreer om die beginsels wat vragversekering asook sommige van die praktiese aspekte van versekeringspolisse en -eise ten grondslag lê, te evalueer; en • as individu en/of as deel van 'n groep die vernaamste funksies van doeane en die spesifieke maatreëls wat doeane-owerhede aanwend om invoere en uitvoere te beheer, te analiseer. 		
MODULEKODE: ECON621	SEMESTER 2	NKR-VLAK: 8
TITEL: INTERNASIONALE HANDELSBETREKKINGE		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • afgeronde en sistematiese kennis van die veranderende wêreld ekonomie en die faktore wat internasionale mededingendheid beïnvloed, te demonstreer; • die vermoë te demonstreer om die onderliggende oorsake van ekonomiese welsyn te evalueer soos weerspieël in 'n land se ekonomiese groei en ontwikkeling, asook die rol van die betalingsbalans en ander geselekteerde aanwysers in die beklemtoning van 'n land se algemene ekonomiese prestasie en potensiaal; • as individu en/of as deel van 'n groep die makro-ekonomiese beleid te analiseer wat 'n land se nasionale owerhede implementeer om besparings en beleggings te maksimaliseer, inflasie en geldeenheidfluktuasies te beheer en 'n land se mededingendheid te verhoog; • afgeronde en sistematiese kennis van die samestelling van die internasionale monetêre stelsel te demonstreer; en • as individu en/of as deel van 'n groep die ekonomiese gebeure en besluite – sowel plaaslik as internasionaal – te analiseer wat Suid-Afrika se besigheidsomgewing die afgelope jare help vorm het. 		
MODULEKODE: ECON622	SEMESTER 2	NKR-VLAK: 8
TITEL: MONETÊRE EN FISKALE BELEID		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • afgeronde en sistematiese kennis van heersende fiskale en monetêre beleidskwessies in die Suid-Afrikaanse konteks te demonstreer; • as 'n individu en/of as deel van 'n groep die praktiese vaardighede te demonstreer om heersende beleidskwessies (bv. fiskale reëls of monetêre teikens) te identifiseer en toepaslike beleidsoptrede aan te beveel; en 		

<ul style="list-style-type: none"> die bekwaamheid te demonstreeer om verskillende vorme van owerheidsinmenging in die ekonomie te evalueer en aanbevelings aan beleidmakers en belanghebbendes in die vorm van skriftelike verslae en mondelinge aanbiedings te kommunikeer met behulp van die toepaslike IT. 		
MODULEKODE: ECON623	SEMESTER 2	NKR-VLAK: 8
TITEL: RISIKOBESTUUR		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> 'n deeglike kennis van bankrisikobestuur en -regulering te demonstreeer met die fokus op die STRATEGIESE risikobestuurstrategieë en minder op die werklike risikometing te hê; 'n dieptekennis van Basel II te demonstreeer; strategiese risikobestuur en die rol van die ALCO te bespreek; en die bestuur van: <ul style="list-style-type: none"> rentekoersrisiko, likiditeitsrisiko, kredietrisiko, markrisiko, operasionele risiko en buitelandse valuta-risiko in banke in skriftelike verslae te beskryf. 		
MODULEKODE: ECON624	SEMESTER 2	NKR-VLAK: 8
TITEL: EKONOMIESE-MODELLERING		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> afgeronde en sistematiese kennis te demonstreeer van algemene ewewig en makro-ekonometriese modelle en hul toepassing om "sê nou"-vrae in Ekonomie te beantwoord; as individu en/of as deel van 'n groep die praktiese vaardighede te demonstreeer om 'n 1-2-3-algemene ewewigmodel (in Excel) en 'n makro-ekonometriese model (in EViews) te bou en 'n simulاسie daarvan te laat loop; en die vermoë te demonstreeer om 'n navorsingsvraag op die terrein van die Ekonomie te identifiseer, tersaaklike inligting te herwin, 'n klein algemene ewewigmodel of makro-ekonometriese model te gebruik om die skok te simuleer, resultate te vertolk, en dan die bevindinge in 'n eties-gesonde mondelinge aanbieding oor te dra met behulp van die toepaslike IT, asook in die vorm van 'n projekverslag / artikel van 20 bladsye. 		
MODULEKODE: ECON625	SEMESTER 2	NKR-VLAK: 8
TITEL: UITVOERADMINISTRASIE		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> afgeronde en sistematiese kennis te demonstreeer van die rol gespeel deur verskillende openbare- en privaatsektorentiteite in 'n tipiese uitvoertransaksie, asook die dokumente en volgorde van stappe wat nodig is om byvoorbeeld internasionale vraag, versekering, doeaneklaring en betaling moontlik te maak; 'n begrip te demonstreeer van die oorsprong, doel en rol van Incoterms; as individu en/of as deel van 'n groep die hegte verband tussen uitvoerkosteberekening en die Incoterms te demonstreeer en evalueer; die vermoë te demonstreeer om die koste vir uitvoer akkuraat te bereken; as individu en/of as deel van 'n groep die prosesse van evaluering en beantwoording van uitvoernavrae en die gevolglike suksesvolle bespoediging van uitvoere toe te pas; en afgeronde en sistematiese kennis te demonstreeer van die dokumentêre vereistes 		

geassosieer met elke stadium van die uitvoerproses.		
MODULEKODE: ECON626	SEMESTER 2	NKR-VLAK: 8
TITEL: INTERNASIONALE HANDELSREG		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • afgeronde en sistematiese kennis te demonstreer van die breë struktuur van die internasionale regsomgewing, asook sommige van die tradisionele en meer kontemporêre sieninge en praktyke wat kleur verleen aan die internasionale regslandskap; • as individu en/of as deel van 'n groep die algemene beginsels te analiseer wat die totstandkoming en beëindiging van kontrakte omring (en sommige variasies tussen lande in dié verband) en die kontraktuele ketting wat tipiese internasionale handelstransaksie kenmerk; • die vermoë te demonstreer om die regsbeginsele wat regeringsaankope en -verkope internasionaal beheers, die belangrikheid van die beskerming van intellektuele eiendom in hierdie verband en sommige van die nuwe regsuitdagings wat deur Internetgebaseerde handel meegebring word, te evalueer; en • afgeronde en sistematiese kennis van die kontrak vir vragversekering te demonstreer, ten einde hierdie kontrakte op te stel en te evalueer. 		
MODULEKODE: ECON627	SEMESTER 2	NKR-VLAK: 8
TITEL: NAVORSINGSPROJEK		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • afgeronde en sistematiese kennis van die navorsingsproses te demonstreer; • as individu die praktiese vaardighede te demonstreer om 'n navorsingsprojek te beplan, die studie te onderneem, die resultate te ontleed en hulle te verbeur; en • die vermoë te demonstreer om 'n navorsingsvraag op die terrein van die Ekonomie, Risikobestuur of Internasionale Handel te identifiseer, tersaaklike inligting te herwin, basiese statistiek en ekonometriese metodes toe te pas om die navorsingsresultate te ontleed en te vertolk, en dan die bevindinge in 'n eties-verantwoordbare mondelinge aanbieding oor te dra met behulp van die toepaslike IT, asook in die vorm van 'n honneursskripsie. 		

MODULEKODE: BMAN 611	SEMESTER 1	NKR-VLAK: 8
TITEL: GEÏNTEGREERDE BESTUURSTOEPASSING		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na voltooiing van die module sal die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n sistematiese en teoretiese kennis hê van die elemente wat bydra tot 'n effektiewe ondernemingsplan asook 'n lewensvatbare besigheidsg geleentheid; • die belangrikheid van die opstel van funksionele planne as deel van die ondernemingsplan begryp; • in staat wees om teorie te gebruik om besigheidsg geleenthede te evalueer; en • in staat wees om 'n ondernemingsplan daarvoor saam te stel en voor te dra. 		
MODULEKODE: BMAN612	SEMESTER 1	NKR-VLAK: 8
TITEL: GEVORDERDE ENTREPRENEURSKAP		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na voltooiing van die module sal die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die rol van entrepreneurskap in die ekonomie, die breë betekenis van die term entrepreneurskap, entrepreneuriese ingesteldheid en sukses vaardighede in verskillende kontekste kan toepas; • die dominante temas vir entrepreneuriese sukses kan ontleed; • 'n persoonlike entrepreneuriese / loopbaanstrategie kan ontwikkel en aanbied; • die dryfkragte van entrepreneurskap in die entrepreneuriese proses kan toepas; • verskeie geleenthede met behulp van die venster van geleentheid kan evalueer; • geleenthede met behulp van geleentheidskandering kan ontleed; • weet hoe om tot verskeie finansieringsalternatiewe toegang te kan kry; • 'n franchise as geleentheid kan ontleed; • van die basiese beginsels van inkomstebelasting vir die individu en onderneming kennis geneem het; • 'n gevallestudies kan skryf en ontleed; • weet hoe om 'n onderneming in die begin- en groeifase te bestuur; • in groepe aan opdragte kan werk en effektiewe terugvoer gee; en • betekenisvolle aanbiedings kan doen. 		
MODULEKODE: BMAR 611	SEMESTER 1	NKR-VLAK: 8
TITEL: KLEINHANDELSBESTUUR		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na voltooiing van die module sal die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • kennis demonstreer oor kleinhandel en kleinhandelsbestuur; • 'n situasie-analise uitoefen; • die regte klante teiken vir 'n kleinhandelwinkel; • 'n vestigingsplek kan kies vir die kleinhandelwinkel; • kennis demonstreer oor die bestuur van 'n kleinhandelonderneming; • kennis demonstreer oor die voorraad en prys van produkte in die kleinhandelwinkel; • identifiseer hoe om met klante te kommunikeer; en • 'n kleinhandelplan kan skryf. 		

MODULEKODE: BMAR671	SEMESTER 1/2	NKR-VLAK: 8
TITEL: BEMARKINGSNAVORSING		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na voltooiing van die module sal die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die vermoë demonstreeer om 'n navorsingsvoorstel op te stel; • die vermoë demonstreeer om 'n vraelys op te stel; • primêre data versamel deur middel van veldwerk onder respondente in die teikenmark; • data verkry deur die veldwerk in te sleutel en te analiseer; en • die vermoë demonstreeer om 'n akademiese artikel te skryf. 		
MODULEKODE: BMAR621	SEMESTER 2	NKR-VLAK: 8
TITEL: BEMARKINGSPLAN		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na voltooiing van die module sal die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die onderneming se huidige situasie ontleed; • markte en klante ontleed; • 'n SWOT-ontleding uitvoer; • marksegmentering, doelmarkeuse en posisionering van die onderneming se produkte uitvoer; • finansiële-, bemarkings- en sosiale doelwitte stel; • 'n bemarkingstrategie opstel; • bemarkingsprogramme ontwikkel; • 'n bemarkingsplan opstel wat bogenoemde konstruksie dek; en • die bemarkingsplan vir belanghebbendes aanbied. 		
MODULEKODE: BMAN621	SEMESTER 2	NKR-VLAK: 8
TITEL: ONDERNEMINGSPLAN		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na voltooiing van die module sal die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • in staat wees om teorie te gebruik om besigheidseleenthede te evalueer; • in staat wees om 'n industrie- en markevaluasie van 'n nuwe onderneming te kan doen; • in staat wees om 'n uitvoerbare besigheidseleentheid te identifiseer; en • 'n ondernemingsplan daarvoor saam te stel en dit voor te dra. 		
MODULEKODE: BMAN622	SEMESTER 2	NKR-VLAK: 8
TITEL: FINANSIËLE BESTUUR		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na voltooiing van die module sal die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n omvattende en sistematiese kennis van finansiële state en kontantbestuur, vaste bates, ontleding van finansiële bestuur en bedryfskapitaal, tydwaarde van geld, waardering en interne opbrengskoers, en dividend beleid kan demonstreeer; • vaardighede gebaseer op ingeligte insig van teorieë en konsepte, evaluering en analisering van finansiële state, berekening van alle berekenings oor die tydwaarde van geld, finansiële aspekte en die neem van besluite gebaseer op hierdie bevindinge kan demonstreeer; • die vermoë om 'n literatuurstudie en omgewingsverslag uit te voer, 'n verslag oor finansiële vraagstukke voor te berei en as 'n individu of lid van 'n groep dit te kommunikeer, skriftelik of mondelings aan 'n gehoor demonstreeer; en • die vaardigheid om probleme en gevallestudies gebaseer op bogenoemde aspekte van finansiële bestuur kan oplos. 		

MODULEKODE: BMAR 622	SEMESTER 2	NKR-VLAK: 8
TITEL: INTERNASIONALE BEMARKING		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees:</p> <ul style="list-style-type: none"> om 'n deeglike kennis en begrip van die teorie van die voorgeskrewe handboek te toon en dit te kan toepas op gevallestudies; om 'n profiel vanuit 'n bemarking- en moontlike internasionale uitvoer-oogpunt op te stel vir 'n gegewe land en of area met betrekking tot die spesifieke kriteria; om die sosio-ekonomiese, regs-, ekonomiese, politiese, fisiese en tegnologiese omgewings as faktore toe te pas op 'n internasionale bemarkingsveldtog; om te verduidelik waarom internasionale bemarkingsnavorsing belangrik is; om die produkidee vir 'n internasionale bemarkingsplan te formuleer en die aspekte wat belangrik is om in ag te neem wanneer die produk in die bemarkingsmengsel ingesluit word, te bespreek; om 'n internasionale bemarkingsplan te ontwikkel en 'n geskrewe plan in te handig; en om 'n internasionale plan deur 'n 15-minute verkoopsaanbieding aan te bied, waar die idee en sy komponente aan die bestuur en potensiële investeerders uiteengesit word. 		
MODULEKODE: BMAR 623	SEMESTER 2	NKR-VLAK: 8
TITEL: VERKOOPSBESTUUR		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om die volgende te ontwikkel:</p> <ul style="list-style-type: none"> 'n Persoonlike verkoopsfilosofie; 'n Verhoudingstrategie; 'n Produkstrategie ; 'n Klantestrategie; en 'n Aanbiedingstrategie. 		

TOERISMEBESTUUR

MODULEKODE: TMBP611	SEMESTER 1	NKR-VLAK: 8
TITEL: Navorsingsmetodologie in Toerisme		
<p>Die studiemateriaal en opdragte van TMBP 611 is só gekies dat studente die konsep navorsingsmetodologie binne toerisme kan verstaan asook om 'n volledige navorsingsvoorstel te kan skryf. Alhoewel daar heelwat teorie ingesluit word in die module, word daar van die studente verwag om die teorie <i>toe te pas</i>. Die doel van hierdie module is om studente in staat te stel en voor te berei om navorsing te inisieer, te implementeer en daaroor te skryf, hetsy vir 'n navorsingsprojek, 'n skripsie of verhandeling, 'n referaat, artikel ens. TMBP 611 het die volgende module-uitkomst:</p> <ul style="list-style-type: none"> Toerisme-navorsing deeglik te omskryf. Die rol van navorsing in toerisme te kan bespreek. Die belangrikheid van etiek binne toerisme-navorsing te verstaan en verduidelik. Die toerisme-navorsers se etiese plig teenoor verskeie rolspelers te bespreek. Die stappe in die navorsingsproses te identifiseer en bespreek. 'n Navorsingsvraag te formuleer. 		

- 'n Deeglike literatuurstudie rakende enige navorsingsonderwerp te kan doen.
- Navorsingsdoelwitte en -doelstellings te kan formuleer.
- 'n Duidelike uiteensetting van die metode van navorsing te gee.
- Die verskillende benaderings tot toerisme-navorsing van mekaar te onderskei en bespreek.
- Die verskillende steekproefmetodes van mekaar te onderskei en kan toepas op navorsingsituasies.
- Steekproefgroottes te bepaal.
- 'n Vraelys te kan ontwikkel.
- Te onderskei tussen verskillende tipes opnames.
- Konsepte te kan definieer en hoofstukke te klassifiseer.
- 'n Volledige bronnelys te kan saam stel.
- Om data reg in te lees in Excel.
- Om ingevoerde data reg te verwerk en interpreteer.

MODULEKODE: TMBP621	SEMESTER 2	NKR-VLAK: 8
----------------------------	-------------------	--------------------

TITEL: Toerisme Navorsing (Mini Skripsie)

Hierdie module bestaan uit die praktiese toepassing en implementering van 'n goed-gedefinieerde navorsingsprobleem wat kulmineer in 'n skripsie. Die module se uitkomst is soos volg:

- Praktiese toepassing van 'n geselekteerde navorsingsmetode en -tema.
- Skryf en aanbied van navorsing in die vorm van 'n skripsie.

MODULEKODE: TMBP671	JAARMODULE	NKR-VLAK: 8
----------------------------	-------------------	--------------------

TITEL: GEVORDERDE TOERISMEBESTUUR EN -ONTWIKKELING

MODULE-UITKOMSTE:

Na voltooiing van die module behoort die student:

- die strategiesebestuurproses te kan toepas;
- die rol en belangrikheid van entrepreneurskap in die toerismebedryf te kan ontleed, bespreek en geleenthede te kan identifiseer sowel as 'n volledige besigheidsplan te kan opstel.
- risiko's van 'n toerisme besigheid te kan identifiseer en oplossing te bied.
- 'n menslike hulpbronnbestuursplan te kan opstel
- verskillende kwaliteitsbestuursteorieë te evalueer, te kritiseer sowel as om die proses te kan toepas;
- die rol en verskille van landelike en stedelike toerisme te kan verduidelik, te kan beplan sowel as om die belangrikheid daarvan vir toerisme-ontwikkeling aan te toon.
- kennis rakende toerisimebeplanning en ontwikkeling te kan demonstree;
- effektief in groepe en of met die individue te kan kommunikeer;
- probleme op te los met betrekking tot toerisimebestuur en ontwikkeling in die toerisimebedryf;
- die relevante wetgewing te kan identifiseer, bespreek en kritiek te lewer; en
- die etiese problematiek in die bedryf te kan identifiseer en oplossings te bied sowel as om 'n etiese kode op te stel.

MODULEKODE: TMBP672	JAARMODULE	NKR-VLAK: 8
----------------------------	-------------------	--------------------

TITEL: GEVORDERDE EKOTOERISMEBESTUUR

MODULE-UITKOMSTE:

Na voltooiing van die module behoort die student:

- 'n uitgebreide en sistematiese kennis te demonstreeer met betrekking tot die konsepte,

komponente, teorieë van gevorderde ekotoerismebeheer, asook 'n in-diepte kennis met betrekking tot die ontwikkeling, beplanning en beleidvorming van natuurgebiede/-parke.

- om die beginsels, teorieë en huidige navorsing van gevorderde ekotoerismebeheer krities, as individu en as lid van 'n span, te kan analiseer en gevolgtrekkings en voorstelle te argumenteer, gebaseer op teoretiese en praktiese bewyse;
- oor effektiewe inligtingsversamelings- en verwerkingstrategieë te beskik om komplekse en wêreldgetroue probleme binne ekotoerisme bestuur te kan identifiseer, en met die hulp van toepaslike navorsingsmetodes, tegnieke en tegnologieë te analiseer, evalueer, sintetiseer en waardegedrewe oplossings te bied wat gegrond is op teorie en praktiese ervaring; en
- akademiese werk, skriftelik en mondelings, professioneel te kan aanbied binne verskillende kontekste met die ondersteuning van gepaste IT.

MODULEKODE: TMBP673

JAARMODULE

NKR-VLAK: 8

TITEL: GEVORDERDE TOERISME BEMARKING

MODULE-UITKOMSTE:

Na voltooiing van die module behoort die student:

- 'n uitgebreide en sistematiese kennis te demonstreer met betrekking tot die konsepte, komponente, teorieë van gevorderde toerismebemarking, asook 'n in-diepte kennis met betrekking tot handelsmerke, posisionering en beeldvorming van toerismeprodukte om die beginsels, teorieë en huidige navorsing van gevorderde toerismebemarking krities, as individu en as lid van 'n span, te kan analiseer en gevolgtrekkings en voorstelle te argumenteer, gebaseer op teoretiese en praktiese bewyse;
- oor effektiewe inligtingsversamelings- en verwerkingstrategieë te beskik om komplekse en wêreldgetroue probleme binne toerismebemarking te kan identifiseer, en met die hulp van toepaslike navorsingsmetodes, tegnieke en tegnologieë te analiseer, evalueer, sintetiseer en waardegedrewe oplossings te bied wat gegrond is op teorie en praktiese ervaring; en
- akademiese werk, skriftelik en mondelings, professioneel te kan aanbied binne verskillende kontekste met die ondersteuning van gepaste IT.

Modulekode: HRMA612	Semester 1	NKR-vlak: 8
Titel: Psigologiese evaluering, Werwing, Keuring en Plasing		
MODULE-UITKOMSTE:		
<ul style="list-style-type: none"> • Ken en verstaan die beginsels van psigometriese evaluering. • Ken en verstaan die verantwoordelikhede van assesseringspraktisyne. • Weet watter toetse geregistreeerde psigometriste mag gebruik binne die werks- en onderrigkontekste op nasionale en internasionale vlak. • Ken en verstaan die etiek betrokke in die psigologiese evaluering van individue. • Ken en verstaan die doelwitte van regverdige en etiese keuring in assesseringspraktyke. • Verstaan die faktore wat kandidate se persepsies van regverdige en etiese keuring en assesseringspraktyke beïnvloed. • Ken en verstaan die rol van relevante wetgewing. • Die vermoë om die rol van psigometriese toetse as deel van die keuringsproses te kan definieer. • Die vermoë om die volledige werwingsproses te kan bestuur. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiwe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundi aangedui word		
Modulekode: HRMA621	Semester 2	NKR-vlak: 8
Titel: Praktiese werk		
MODULE-UITKOMSTE:		
<ul style="list-style-type: none"> • Ken en verstaan hoe om verskillende wyses van berading van individue in die werkplek (vir verskillende redes, insluitend aftrede, organisasie-transformasie, afdankings en ander krisisse) toe te pas en hoe om hierdie individue na die toepaslike professionele persoon, waar toepaslik, te verwys. • Ken en verstaan hoe om kennis en vaardighede toe te pas om loopbaanbeplanningswerksinkels en lewensvaardighede-werksinkels aan studente en volwassenes in die werkplek te evalueer, voor te lê en te ontwikkel; om te weet en te verstaan hoe om die betekenis(se) wat werk en om te werk hou vir die moderne persoon prakties te bepaal; hoe optimale beroepskeuses gefasiliteer behoort te word; welke loopbaantake uitgevoer behoort te word in die verskillende loopbaanfases (ten opsigte van die spesifieke loopbaansake wat vorendag kom); en welke leerervaringe betrokke is wanneer beroepsaanpassings gefasiliteer word. • Pas kennis en vaardighede toe om die aanpassing van werknemers in die werkplek te ondersoek en te fasiliteer. • Pas kontekstuele kennis en vaardighede toe om te verseker dat die diverse kliëntebevolking op 'n wetenskaplike en regverdige wyse geëvalueer word. • Pas kennis en vaardighede toe om poste volgens spesifieke kriteria te analiseer en saam te stel. • Ken en verstaan 'n pos-evalueringstelsel sowel as die voorwaardes benodig vir sy effektiewe implementering. • Maak deel uit van 'n paneel wat hierdie poste evalueer; die korrekte analise en gradering van hierdie poste. • Ontwikkel 'n vergoedingstelsel gebaseer op prestasie. • Stel bevoegdheidsprofile van verskillende poste op verskillende vlakke op. • Stel 'n werwingsadvertensie vir 'n spesifieke pos saam. • Ontwikkel 'n induksie-program vir nuwe werknemers; lewer die program en evalueer dit. 		

<ul style="list-style-type: none"> • Ontwikkel 'n gestruktureerde onderhoud vir 'n spesifieke pos, lei die lynbestuurders op en voer onderhoude met die kandidate op 'n wetenskaplike en regverdigde wyse. • Toon bevoegdheid in personeeladministrasie. • Pas vaardighede toe om 'n wetenskaplike en regverdige prestasiebestuursproses te verseker. • Ondersteun en verleen hulp in die ontwikkeling van 'n regstellende aksie-program binne die werkskonteks. • Ontwikkel 'n opleidingsprogram vir lynbestuurders en lê die program voor en evalueer dit. • Voer 'n organisasiediagnose binne 'n organisasie uit volgens die voorgeskrewe model, diagnoseer probleme en geleenthede in die organisasie op die korrekte wyse; skryf 'n verslag en lê 'n voorlegging voor rakende die diagnose. • Lê 'n self-ontwikkelingsprogram aan werknemers van 'n organisasie voor en verleen hulp aan die lede om verandering en stres in die werkplek te hanteer. • Maak aanbevelings ten opsigte van organisatoriese sosialiseringmeganismes wat gebruik kan word of organisasie-doeltreffendheid te verseker. • Maak gebruik van verkeie instrumente om die motiveringsvlakke van werknemers te ondersoek en maak aanbevelings rakende korrektiewe aksies. • Fasiliteer 'n strategiese beplanningssessie en skryf 'n verslag oor die sessie. • Selekteer, implementeer en evalueer organisasie-ontwikkelingsintervensies. • Lê 'n diversiteitsopleidingsprogram voor en evalueer dit. • Onderneem leierskapsontwikkeling volgens die voorgeskrewe riglyne. • Identifiseer die lewensiklus van 'n organisasie volgens die korrekte maatstawwe en maak aanbevelings oor hoe die effektiwiteit van die organisasie verbeter kan word. 		
Metode van aflewering:		Voltyds
Assesseringsmetodes:		Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundu aangedui word
Modulekode: HRMA622	Semester 2	NKR-vlak: 8
Titel: Mensekapasiteitsontwikkeling		
MODULE-UITKOMSTE: Verstaan en evalueer die organisasie se visie, waardes en strategiese doelwitte. <ul style="list-style-type: none"> • Rig mensehulpbronontwikkelingsaktiwiteite met inagneming van die nasionale opleidingstrategie. • Analyseer die eksterne en interne kragte wat 'n impak op opleiding en ontwikkeling het. • Formuleer 'n Mensehulpbronontwikkelingsmissie, hoof waardes en strategiese doelwitte (mensehulpbronontwikkelingsplan) wat korreleer met die organisasie se strategie. • Ondersoek en verkry kennis aangaande die behoeftes van kliënte van die mensehulpbronontwikkelingsdepartement (vermoëns van die opleidings- en ontwikkelingskonsultant, bevoegdheid-gebaseerde opleiding en ontwikkeling, prestasie-meting, modelle van identifisering, opleiding en ontwikkelingsbehoefes). • Die toepassing van kennis en vaardighede oor sielkundige sterkpunte om individue te evalueer en die skep van self-ontwikkelingsprogramme vir werknemers op verskillende vlakke van 'n onderneming. • Ontwerp en implementeer opleidingstrategieë om die gaping tussen opleidingsbehoefes en werklike werkvermoë toe te maak. • Verstaan en implementeer verskillende evaluasiestrategieë. • Verstaan en skets die verskillende rolle van die opleidings- en ontwikkelingskonsultant. 		
Metode van aflewering:		Voltyds
Assesseringsmetodes:		Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundu aangedui word

Modulekode: HRMA623	Semester 2	NKR-vlak: 8
Titel: Mensehulpbronbestuurstrategieë		
MODULE-UITKOMSTE:		
<ul style="list-style-type: none"> • Ken en verstaan die omvang, realiteite en kompleksiteite van personeelsielkunde en strategiese mensehulpbronbestuur, die verhouding tussen hierdie studie-area en die ander spesialis-velde binne bedryfsielkunde, sowel as die toepassing van hierdie kennis en begrip in terme van die oplos van komplekse mensehulpbronbestuursaspekte om sodoende by te dra tot die essensie van enige organisasie. • Ken en verstaan die aard van die gebruik van teorie en die stelselsteorie vir personeelsielkunde / strategiese mensehulpbronbestuur en beplanning, keuring van bestuurspersoneel (met assesseringsentra as keurings- en ontwikkelingsinstrument), strategiese lewering van personeel, strategiese prestasie-evaluasie, strategiese prestasie-bestuur en beloning, evaluering van personeel-/mensehulpbronbestuursaktiwiteite/-funksies en die bestuur van die personeel/mensehulpbronfunksie. • Verstaan die komponente van 'n strategiese benadering tot mensehulpbronbeplanning. • Ken en verstaan die veranderlikes en veranderende tendense op 'n globale vlak wat mensehulpbronbestuur in Suid-Afrika affekteer. • Verduidelik die tendense en veranderlikes binne die breë Suid-Afrikaanse sosiale, politieke en ekonomiese omgewing wat implikasies inhou vir die bestuur van mense wat binne Suid-Afrikaanse organisasies werk. • Verduidelik die huidige status van die Suid-Afrikaanse ekonomie (in vergelyking met internasionale standaarde) en hoe dit verband hou met mensehulpbronbestuur. • Toon 'n begrip van die impak en effek van die internasionale ekonomie op Suid-Afrikaanse organisasies. • Verstaan die dinamiek van die Suid-Afrikaanse arbeidsmark. • Pas kennis toe rakende omgewingstendense om mensehulpbronprobleme en -geleenthede te verstaan, te voorspel en te bestuur. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundu aangedui word		
Modulekode: IOPS611	Semester 1	NKR-vlak: 8
Titel: Psigometrika		
MODULE-UITKOMSTE:		
<ul style="list-style-type: none"> • Ken en verstaan die aspekte (e.g. etiek en regverdigheid) betrokke in psigometriese toetsing van mensehulpbronne. • Maak gebruik van die onderliggende beginsels van ontwikkeling, evaluering en toepassing van psigometriese meetinstrumente wat gebruik word in die werkplek vir diagnoses, prognoses en voorspelling van werkverwante gedrag. • Ken en verstaan psigometrie, toetsing en assessering wat die toetsproses vorm en ondersteun. • Maak gebruik van toetsing in 'n professionele en etiese wyse deur gebruik te maak van goeie toetspraktyke. • Die toepassing van kontekstuele kennis en vaardighede (relatief tot diverse kliënte-populasies wat geëvalueer kan word). 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundu aangedui word		

Modulekode: IOPS612	Semester 1	NKR-vlak: 8
Titel: Psigologiese evaluering & Forensiese Sielkunde		
MODULE-UITKOMSTE:		
Psigologiese assessering		
<ul style="list-style-type: none"> • Weet welke toetse geregistreerde psigometriste in die werks- en onderrigkontekste op nasionale en internasionale vlak mag gebruik. • Ken en verstaan die beginsels van psigometriese evaluering. • Ken en verstaan die verskeidenheid psigologiese toetse wat geregistreerde psigometriste op nasionale en internasionale vlak mag gebruik om 'n individu se vermoëns, persoonlikheid, belangstellings en motivering te meet. • Die toepassing van kennis en vaardighede om sodoende terugvoer te gee ten opsigte van 'n individu se funksionering, deur behandeling en/of verwysingsopsies aan te dui. • Die toepassing van kennis en vaardighede om sodoende terugvoer te gee aan individue en om groei te stimuleer. • Ken en verstaan die etiek betrokke in die psigologiese evaluering van individue. • Die toepassing van kennis en vaardighede om gebruik te maak van tegniese-betroubare toetse, om die nodige voorbereiding vir 'n toetsessie te doen, om toetse te administreer in gestandaardiseerde omstandighede, om die toets na te sien, te analiseer en te interpreteer en om terugvoer te verskaf. • Die toepassing van gebeurlike bestuursvaardighede om toetsverwante probleme te hanteer. 		
Forensiese sielkunde		
<ul style="list-style-type: none"> • Om kennis te toon oor die praktyk van die forensiese bedryfsielkundige as 'n kundigheidsveld. • Om kennis en insig te toon oor die biologie van breinfunksionering om verstandelike bevoegdheid te assesser en te voorspel. • Ken en verstaan regsprosesse en die regstelsel in Suid-Afrika met 'n klem op siviele prosesreg en die regspraak van howe en hofreëls. • Om forensiese verslae saam te stel na kundige inligting in gegewe gevallestudies geanaliseer is. 		
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundu aangedui word	
Modulekode: IOPS613	Semester 1	NKR-vlak: 8
Titel: Organisasiegedrag		
MODULE-UITKOMSTE:		
<ul style="list-style-type: none"> • Besit 'n volledige en stelselmatige kennis van die wêreld van Organisasiegedrag en van diversiteitsbestuur, en van die rol van individue, groepe en groepsprosesse in Organisasiegedrag (leerdoelwitte vir elke hoofstuk). • Toon vaardighede gebaseer op 'n ingeligte begrip van teorieë en konsepte, om uitdagings en aspekte te identifiseer wat te doen het met die wêreld van Organisasiegedrag, diversiteitsbestuur, die rolle van individue en groepe en groepsprosesse in Organisasiegedrag (oefeninge). • Besit die vermoë om 'n literatuur- en omgewingsoorsig te onderneem, 'n basiese verslag oor uitdagings en aspekte in die hantering van die wêreld van Organisasiegedrag, diversiteitsbestuur, die rolle van individue en groepe en groepsprosesse in Organisasiegedrag saam te stel, individueel of as lid van 'n span, en om die verslag skriftelik sowel as verbaal te kommunikeer (opdragte). 		
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundu aangedui word	

Modulekode: IOPS614	Semester 1	NKR-vlak: 8
Titel: Navorsingsmetodologie		
MODULE-UITKOMSTE:		
<ul style="list-style-type: none"> • Ken en verstaan die dimensies van sosiale wetenskappe-navorsing en die toepassing van 'n geïntegreerde model van wetenskaplike navorsing in bedryfsielkundige navorsing. • Ken en verstaan paradigma-perspektiewe en identifiseer sentrale aspekte binne die verskillende paradigmas. • Ken en verstaan die fokusareas van navorsing aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus). • Ken die navorsingsinstrumente en pas hulle toe. • Ken die komponente van navorsingsprobleme en wees in staat om 'n probleemstelling te formuleer en om die kennis en vaardighede toe te pas om sodoende 'n verwysingslys volgens die APA-riglyne te ontwikkel. • Formuleer riglyne om etiese psigologiese navorsing te verseker. • Ken die komponente van 'n navorsingsvoorstel en wees in staat om 'n navorsingsvoorstel te skryf. • Ken en verstaan die verskillende vorms van navorsing en demonstreer hoe geldige gevolgtrekkings gepromoveer kan word. • Evalueer die verskillende steekproefmetodes sowel as faktore wat die steekproef grootte beïnvloed. • Evalueer die verskillende navorsingsontwerpe, toon hoe vooroordeel in die ontwerp beheer kan word. Demonstreer kennis rakende die keuse en/of ontwikkeling van meetinstrumente en beskryf hoe resultate voorgelê of geïnterpreteer kan word. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundu aangedui word		
Modulekode: IOPS615	Semester 1	NKR-vlak: 8
Titel: Loopbaansielkunde		
MODULE-UITKOMSTE:		
<ul style="list-style-type: none"> • Ken en verstaan die konsep loopbaan en die historiese onderbou, aard en basisse van loopbaansielkunde en pas hierdie kennis en begrip toe om die verhouding tussen loopbaansielkunde en ander spesialis-velde van bedryfsielkunde te analiseer. • Ken en verstaan die betekenis en funksies van werk en die verhouding tussen werk en ontspanning van die hedendaagse werknemer en die toepassing van hierdie kennis en begrip om insig te bekom ten opsigte van die kontemporêre werkssetiek. • Ken en verstaan die verskillende teorieë van loopbaankeuse en aanpassing en pas hierdie kennis en begrip toe om insig te verkry tot die dinamiek van die verbetering van die eie en ander se werks-/loopbaankeuses en aanpassing. • Ken en verstaan die dinamiek van adolessente en volwasse loopbaangedrag, loopbaanontwikkeling en loopbaan selfbestuur (insluitend dié van persone vanuit minderheidsgroepe en spesiale groepe, soos werkende vroue en werknemers met gestremdhede) en die rol van die organisasie in hierdie verband en die toepassing van hierdie kennis en insig om die eie en ander se toetreding tot die werkswêreld, sosialisering, innovering, stabilisering, mid-loopbaan ervaring, laat-loopbaan ervarings en aanpassing tot aftrede te verbeter. • Ken en verstaan die dinamiek onderliggende aan huidige loopbaanaspekte en die toepassing van hierdie kennis en begrip in die hantering van die eie en ander se loopbaanaspekte en -probleme. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundu aangedui word		

Modulekode: IOPS616	Semester 1	NKR-vlak: 8
Titel: Werknemerwelstand		
MODULE-UITKOMSTE:		
<ul style="list-style-type: none"> • Verduidelik die verskuiwing in werknemergesondheid en -welstandsvoorsiening. • Verduidelik en verstaan die holistiese model van werksverwante welstand. • Verduidelik die filosofie van en verskuiwing na bestuurde welstandsgoed. • Pas kennis toe om welstand in die organisasie te bestuur. • Lê werknemergesondheid en -welstand aan bestuur voor as besigheidsgeval. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundu aangedui word		
Modulekode: IOPS617	Semester 1	NKR-vlak: 8
Titel: Organisasie-ontwikkeling		
MODULE-UITKOMSTE:		
<ul style="list-style-type: none"> • Verstaan en evalueer die konsep, komponente en eienskappe van organisasie-ontwikkeling. • Die toepassing van kennis en vaardighede om organisasie-funksionering en -veranderinge te verduidelik. • Ken en verstaan die aard van huidige en toekomstige veranderinge wat 'n invloed op organisasies kan hê, sowel as die strategieë wat organisasies kan gebruik om hierdie veranderinge aan te spreek. • Evalueer die rol van paradigmas in veranderingsbestuur. • Ken en verstaan proseskonsultasie as 'n organisatoriese ontwikkelingsintervensie en pas proseskonsultasie-vaardighede in die diagnose en intervensie in organisasies toe. • Die toepassing van kennis en vaardighede rakende organisasie-diagnoses om sodoende probleme aan te spreek en om geleenthede binne die organisasie te identifiseer. • Die toepassing van kennis en vaardighede om organisasie-ontwikkelingstrategieë (op individuele, groeps-, en organisasievlak) te evalueer en binne organisasies in te gryp. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundu aangedui word		
Modulekode: IOPS618	Semester 1	NKR-vlak: 8
Titel: Outentieke hulpverlening		
MODULE-UITKOMSTE:		
<ul style="list-style-type: none"> • Besit algehele kennis van die beginsels, teorie en funksionering van 'n toepaslike fasiliteringsmodel, om die kennis deur middel van die analise en evaluasie van sielkundige probleme soos emosionele aspekte toe te pas, en om in staat te wees om probleme te parafraseer en te verduidelik deur fasiliteringsvaardighede in die toepassing van effektiewe probleemoplossingsdoelwitte toe te pas, sowel as om relevante fasiliteringstrategieë te identifiseer wat in 'n strategiese plan geïntegreer kan word as deel van 'n welstand bevorderingsmodel van 'n organisasie en om oplossings tot probleme te genereer wat op beproefde argumente gebaseer is. • Vind, interpreteer, integreer en gebruik relevante literatuur om sodoende relevante navorsingsmetodes en -tegnieke te gebruik om 'n wye verskeidenheid komplekse probleme en aspekte na te vors, en om die resultaat skriftelik sowel as verbaal te kommunikeer deur middel van inligtingstegnologie. • Beginsels geassosieer met die module binne 'n etiese kognitiewe raamwerk toe te pas. 		
Metode van aflewering: Voltyds		

Assesseringsmetodes:	Die formatiewe en summatiwe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundi aangedui word	
Modulekode: IOPS622	Semester 2	NKR-vlak: 8
Titel: Navorsingsverslag		
MODULE-UITKOMSTE:		
<ul style="list-style-type: none"> • Evalueer en integreer bedryfsielkunde-literatuur om sodoende navorsingsgeleenthede te identifiseer en om met oplossings vir probleme vorendag te kom. • Die toepassing van kennis en vaardighede om 'n wetenskaplike, empiriese navorsingsprojek van beperkte omvang uit te voer, waar geldige gevolgtrekkings en relevante aanbevelings gemaak kan word. 		
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Die formatiewe en summatiwe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundi aangedui word	
Modulekode: IOPS624	Semester 2	NKR-vlak: 8
Titel: Gevorderde praktiese werk		
<ul style="list-style-type: none"> • MODULE-UITKOMSTE: • Ken verskillende wyses om berading aan mense in die werkplek te verleen, en pas dit toe. • Wees in staat om mense na ander professionele persone te verwys, waar nodig. • Die toepassing van kennis en vaardighede om aan mense wat aftree, berading te verskaf. • Die toepassing van kennis en vaardighede om die aanpassing van werknemers in die werkplek te ondersoek en te fasiliteer. • Die toepassing van vaardighede om aan mense met behoeftes (e.g. gedurende organisasietransformasie, afdankings en ander krisis) te verskaf. • Identifiseer die verskillende simptome van die verskillende vorms van psigopatologie binne die werkskonteks en wees in staat om hulle volgens die internasionale model (e.g. DSM IV) te diagnoseer. • Verstaan die psigodinamiek onderliggend aan psigopatologie. • Die toepassing van kennis en vaardighede om die toepassing van etiek en regverdigheid in die gebruik van psigometriese assesseringsinstrumente te verseker. • Die toepassing van psigometriese kennis en vaardighede om 'n diagnose, prognose en voorspelling van werkverwante gedrag te maak. • Maak gebruik van toetse en vraelyste in 'n professionele en etiese wyse deur goeie toetspraktyke te volg. • Die toepassing van konseptuele kennis en vaardighede om te verseker dat die diverse kliënte-populasie wetenskaplik en regverdig geassesseer word. • Die toepassing van kennis en vaardighede om terugvoer te verskaf aan individue en om groei te stimuleer. • Maak gebruik van tegniese-betroubare toetse en vraelyste, doen die nodige voorbereidings vir die toets-sessie, pas die toetse en vraelyste toe onder gestandaardiseerde omstandighede, sien die toetse na, analiseer die resultate en interpreteer die resultate volgens die voorgeskrewe prosedures en verskaf terugvoer. • Die toepassing van gebeurlike bestuursvaardighede om toets-verwante probleme te hanteer. • Gebruik verskeie instrumente om die motiveringsvlakke van werknemers te ondersoek en stel korrektiewe aksies voor, en gebruik die aksie-navorsingsmodel effektief. 		
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Die formatiewe en summatiwe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundi aangedui word	

Modulekode: LARM611	Semester 1	NKR-vlak: 8
Titel: Bedryfsosiologiese teorieë		
MODULE-UITKOMSTE:		
<ul style="list-style-type: none"> • Evalueer verskeie sosiologiese denkwyses en teorieë en pas hulle op sosiologiese probleme toe. • Pas sosiologiese teorieë toe op huidige en geïdentifiseerde probleme toe en stel moontlike oplossings tot welke probleme voor. • Ken en verstaan sosiale verandering in die samelewing en die effek hiervan op organisasies. • Pas kennis en vaardighede rakende sosiale verandering toe om sodoende problematiese arbeidsituasies te identifiseer, te verduidelik en op te los. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiwew assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundu aangedui word		
Modulekode: LARM623	Semester 2	NKR-vlak: 8
Titel: Toegepaste arbeidsverhoudinge		
MODULE-UITKOMSTE:		
<ul style="list-style-type: none"> • Om die eksterne regulasies wat 'n impak het op arbeidsverhoudinge te verstaan. • Integreer en bestuur arbeidsverhouding-prosedures op verskeie vlakke in die werkplek. • Die toepassing van eksterne regulasie-vereistes om die arbeidsverhoudingsklimaat in die organisasie te verbeter. • Die bestuur van verwante werkplek-aspekte tot voordeel van beide bestuur en werknemers. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiwew assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundu aangedui word		
Modulekode: LARM624	Semester 2	NKR-vlak: 8
Titel: Kollektiewe bedinging en onderhandeling		
MODULE-UITKOMSTE:		
Na voltooiing van hierdie module, behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • Die rol van kollektiewe bedinging in die Suid-Afrikaanse arbeidsverhoudingstelsel te verduidelik en te verstaan; • Die konsep van die werkgewer se plig om te beding met 'n vakbond te verstaan; • Die impak van konflik en mag tussen die verskeie sleutel rolspelers op bedinging en onderhandeling binne 'n arbeidsverhouding konteks te sintetiseer en te evalueer; • Te verstaan hoe pligte rakende kollektiewe bedinging en organisasie-regte hanteer word; • Die proses van die daarstelling van 'n kollektiewe bedingings- en/of onderhandelingsverhouding te evalueer, toe te pas en te analiseer; • Verskeie style, strukture en benaderings verwant aan kollektiewe bedingings- en onderhandelingsvaardighede te analiseer, toe te pas en te genereer/ontwerp; • Bewus te wees van die wettige status van kollektiewe ooreenkomste; en • Die gesintetiseerde verhouding tussen kollektiewe bedinging, onderhandeling en verwante Suid-Afrikaanse wetlike voorskrifte te beskryf en te demonstreer. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiwew assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundu aangedui word		

Modulekode: LARM614	Semester 1	NKR-vlak: 8
Titel: Navorsingsmetodologie		
MODULE-UITKOMSTE:		
<ul style="list-style-type: none"> • Ken en verstaan verskeie metodes en strategieë rakende data-insameling wat dit vir die student moontlik gaan maak om toepaslike en relevante gevolgtrekkings in 'n navorsingsprojek te maak. • Ken en verstaan die vereistes vir statistiese meting en analise. • Pas kennis en vaardighede toe in die skryf van 'n navorsingsvoorstel as deel van 'n navorsingsprojek. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundi aangedui word		
Modulekode: LARM615	Semester 1	NKR-vlak: 8
Titel: Gevorderde arbeidsverhoudinge		
MODULE-UITKOMSTE:		
<ul style="list-style-type: none"> • Ken en verstaan die verskeie komponente verwant aan arbeidsverhoudinge en kweek relevante vaardighede in die effektiewe bestuur van arbeidsverhoudinge. • Ken en verstaan hoe om as 'n arbeidsverhoudinge-spesialis te praktiseer. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundi aangedui word		
Modulekode: LARM616	Semester 1	NKR-vlak: 8
Titel: Arbeidsmarkbeginsels		
MODULE-UITKOMSTE:		
<ul style="list-style-type: none"> • Besit 'n komprehensiewe begrip van die verskeie beginsels, teorieë en funksies van die arbeidsmark. • Om dit so toe te pas deur middel van die analise en evaluering van wêreldwye arbeidsmarkaangeleenthede soos arbeidsvraag en -aanbod, lone, produktiwiteit, globalisering en mensekapitaalbelegging, arbeidsmarkbedelings en diskriminasie, arbeidsmarkorganisasies. • Om oplossings tot probleme te verdedig gebaseer op huidige, feitelike bewyse. • Gerat met 'n reeks navorsingsmetodes en tegnieke, wees in staat om relevante literatuur rakende komplekse en gemeenskaplike probleme te ondersoek, te interpreteer en te integreer, en om dit in skriftelike en verbale formaat voor te lê. • Om die inhoud van hierdie module binne 'n etiese-denke model toe te pas. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundi aangedui word		
Modulekode: LARM621	Semester 2	NKR-vlak: 8
Titel: Groepdinamika		
MODULE-UITKOMSTE:		
<ul style="list-style-type: none"> • Ken en verstaan die studie-area Groepdinamiek, die belangrikheid, struktuur en funksie van klein groepe as substelsels in interaksie. • Ken die mees prominente eksponente en hul relevante perspektiewe soos herhaal in die veld van Groepdinamiek. • Gerat met die nodige vermoëns, ondersoek verduidelikende moontlikhede tot empiriese 		

<p>probleme binne die organisasie en pas dit toe.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Om kennis en begrip te toon ten opsigte van konsepte soos groepkommunikasie, groepkohesie, taakgroepe, die belangrikheid en implikasies van klein groepe vir die individu en die ontwikkeling van groepdinamiek. • Om die verkore kennis van groep dinamiek toe te pas deur verduidelikende moontlikhede ten opsigte van die individu en groepe te ondersoek. 		
<p>Metode van aflewering: Voltyds</p>		
<p>Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundu aangedui word</p>		
<p>Modulekode: LARM622</p>	<p>Semester 2</p>	<p>NKR-vlak: 8</p>
<p>Titel: Navorsingsverslag</p>		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Evalueer en integreer bedryfsosiologiese literatuur met navorsingsgeleenthede om probleemoplossingsmetodes te identifiseer. • Die toepassing van kennis en vaardighede om wetenskaplike navorsing te onderneem om betroubare en relevante gevolge te bepaal om sodoende die verlangde aanbevelings te maak. 		
<p>Metode van aflewering: Voltyds</p>		
<p>Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundu aangedui word</p>		

E.8.5.4 MODULE-UITKOMSTE (SKOOL VIR REKENINGKUNDIGE WETENSAPPE)**E.8.5.4.1 GEOKTROOIERDE REKENMEESTERSKAP**

MODULEKODE: RECP671	JAARKURSUS	NKR-VLAK: 8
TITEL: GEVORDERDE FINANSIËLE REKENINGKUNDE		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na voltooiing van die module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • op grond van omvattende en sistematiese kennis van die vakgebied, die bevoegdheid te demonstreer om gevorderde finansiële state op te stel ooreenkomstig Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde en die Maatskappywet van Suid-Afrika, met inbegrip van gekonsolideerde finansiële state; • standaarde individueel sowel as geïntegreerd tegnies-rekeningkundig te kan ontleed, evalueer en selektief hanteer volgens die aanvraag van die probleem (bv. joernaalinskrywing, grootboek of finansiële state) en teoreties te kan motiveer en bespreek; en • akademiese, professionele en beroepsgerigte inligting effektief mondeling en skriftelik te kan kommunikeer, met bewyslewering van kreatiewe interpretasie en oplossings vir probleme en vraagstukke toepaslik vir die konteks. 		
MODULEKODE: RECP672	JAARKURSUS	NKR-VLAK: 8
TITEL: GEVORDERDE OUDITKUNDE		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>By voltooiing van die module moet die student in staat wees om kennis weer te gee en toe te pas in gevallestudies ten opsigte van die volgende:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Beginsels van Korporatiewe bestuur; • Wetgewende en Regulerende korporatiewe bestuur; • Die Kode van Korporatiewe Praktjke en King II-verslag; • Besigheidsetiek en SAICA se professionele gedragskode; • Risikobestuur en interne beheer; • Die wetlike en regulerende omgewing waarbinne ouditeure opereer asook hul verantwoordelikhede, funksies en eienskappe; • Die ouditproses; • Vaardighede in die toepassing van IT in besigheid; • Vaardighede in die bestuur van IT; en • Vaardighede in die evaluering van IT. 		
MODULEKODE: RECP673	JAARKURSUS	NKR-VLAK: 8
TITEL: GEVORDERDE BELASTING		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die Inkomstebelastingwet, regspraak, sowel as praktyknotas uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens te kan interpreteer; • sy/haar vermoë om die normale inkomstebelasting betaalbaar deur die individu te bereken op belasbare inkomste van besoldiging, byvoordele, enkelbedrag-ontvangstes en van die beoefening van 'n bedryf of besigheid te kan demonstreer; • gevorderde belastingvrae oor belastingadvies en beplanning oor die hele spektrum van belastingpligtiges en artikels en belastings te kan doen; • sy/haar vermoë om werknemersbelasting wat van besoldiging afgetrek word sowel as 		

voorlopige belasting betaalbaar op inkomste anders as besoldiging te bereken kan demonstreer;

- te motiveer deur middel van verwysing na wetgewing en hofsake waarom items belasbaar / aftrekbaar is;
- aan al die wetgewing en vereistes van die aangehegte sillabus van SAICA te kan voldoen; en
- besluite te neem en die teorie van die vakgebied toe te pas op 'n eties-verantwoordbare wyse.

MODULEKODE: RECP674

JAARKURSUS

NKR-VLAK: 8

TITEL: GEVORDERDE BESTUURSREKENINGKUNDE EN FINANSIËLE BESTUUR

MODULE-UITKOMSTE:

Bestuursrekeningkunde

Na voltooiing van die module sal die student:

Algemeen

- In staat wees om beplanning, kontrole en besluitneming te kan toepas om sodoende verantwoordelik as rentmeester op te tree.
- In staat wees om winsbeplanning en begrotingsbeheer toe te pas in die beplanningsproses sodat beskikbare bronne maksimaal benut kan word, maar ook om in die behoeftes van verbruikers te voorsien.
- Kontrole uit te oefen om toe te sien of die doelwitte wat met beplanning daargestel is, bereik is.
- Ingeligte besluit te kan neem deur die bewustelike uitoefening van 'n keuse tussen twee of meer alternatiewe.
- In staat wees om die nodige inligting in ag te neem en te voorsien by die neem van 'n besluit.
- In staat wees om deur metodes, stelsels en tegnieke bruikbare inligting te verkry sodat die doelstellings van besluitneming, beplanning en kontrole bereik kan word.

Spesifiek

- Begrotings op te stel deur gebruik te maak van beide tradisionele en hedendaagse tegnieke.
- Die beginsels van standaardkoste te verduidelik en toe te pas, die berekening van afwykings in verskillende omstandighede en kritiese evaluering van standaardkoste in die lig van hedendaagse kritiek.
- Koste in vaste en veranderlike komponente te verdeel en gelykbreekontleding te gebruik om besluite te neem waar daar 'n aantal beperkings is.
- Relevante kontantvloei vir besluitneming te bepaal en hierdie beginsels in 'n verskeidenheid situasies toe te pas, insluitende proses/produk lewensvatbaarheid, prysbesluite insluitende die evaluasie van faktore soos korttermyn, bydrae-gebaseerde pryse en langtermyn, opbrengs op beleggingpryse, en leerkurwes.
- Sensitiwiteitsontleding te doen om die invloed van risiko op besluitnemingsmodelle te bepaal deur gebruik te maak van winsgewendheidsontleding, verwagte waardetabelle en beslissingsbome, waar toepaslik.
- Leerkurwes toe te pas in die vooruitskatting van toekomstige koste, asook die toepassing van die tegnieke van aktiwiteitsgebaseerde bestuur en doelwitkoste.
- Geskikte finansiële state voor te berei vir koste-, wins- en investeringsentrumbestuurders, die berekening van toepaslike finansiële prestasie-aanwysers, waardering van die invloed van alternatiewe oordragsprysbeleide en bespreek die gedragsgevolge van bestuursbeheerstelsels, gebaseer op verantwoordelikhedsrekeningkunde desentralisasie en delegering

Finansiële Bestuur

Na voltooiing van die module sal die student:

Algemeen

- Voldoende kennis en begrip demonstreer ten einde beleggings-, finansierings- en dividend-besluite te kan verstaan in die konteks van die onderneming asook die omgewing.
- Die vaardigheid ontwikkel het om aanbevelings te maak om 'n onderneming verantwoordelik te bestuur deur die effektiewe gebruik van finansiële hulpbronne binne die strategiese doelwitte van die onderneming.

Spesifiek

- Vaardighede demonstreer om toepaslike maatstawwe vir prestasie, risiko en onsekerheid te identifiseer en interpreteer.
- Vaardigheid demonstreer om advies te gee rondom komplekse investerings-, finansierings- en dividend-besluite.
- Vaardigheid demonstreer om die beginsels van finansiering toe te pas op die waardasie van 'n besigheid en die waardasie van finansiële bates deur die toepaslike waardasietegnieke te gebruik.
- Bestuur kan adviseer rakende bedryfskapitaal bestuur, buitelandse valuta en beleggings.
- Advies kan gee betreffende veranderinge in eienaarskaptransaksies.
- Vaardigheid demonstreer om toepaslike finansieringsinstrumente vir effektiewe minimalisering van risiko te evalueer en aan te beveel.

E.8.5.4.2 FINANSIËLE REKENINGKUNDE

MODULEKODE: REKP 671	JAARKURSUS	NKR-VLAK: 8
TITEL: GEVORDERDE INTERNASIONALE FINANSIËLE VERSLAGDOENING STANDAARDE (IFRS) EN GROEPSTATE		
MODULE-UITKOMSTE: Na voltooiing van die module behoort die student die vermoë te demonstreer om:		
<ul style="list-style-type: none"> • Transaksies en verwante inligting ooreenkomstig relevante Internasionale Verslagdoeningstandaarde te identifiseer en te interpreteer • Beginsels in verband met Internasionale Verslagdoeningstandaarde toe te pas • Finansiële state op te stel ooreenkomstig Internasionale Verslagdoeningstandaarde • Capita Selecta 		
MODULEKODE: REIP671	JAARKURSUS	NKR-VLAK: 8
TITEL: GEVORDERDE BELASTING EN TRUSTS		
MODULE-UITKOMSTE: Na voltooiing van die module behoort die student die vermoë te demonstreer om:		
<ul style="list-style-type: none"> • Inkomstebelastingwet, regspraak sowel as praktyknotas uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens te kan interpreteer • Normale inkomstebelasting betaalbaar deur die individu te bereken op belasbare inkomste uit besoldiging, byvoordele, enkelbedrae ontvangstes en vanuit die beoefening van 'n bedryf of besigheid • Normale inkomstebelasting betaalbaar deur maatskappye en trusts te bereken • Gevorderde gevallestudies met betrekking tot boedelbelasting, skenkingsbelasting, kapitaalwinstbelasting en belasting op toegevoegde waarde op te los • Capita Selecta 		

MODULEKODE: REKP674	JAARMODULE	NKR-VLAK: 8
TITEL: OUDIT EN KORPORATIEWE BEHEER		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na voltooiing van die module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kennis en begrip van korporatiewe beheer in Suid-Afrika te demonstreeer • Die etiese aspekte van die professionele rekenmeester te verstaan • Die toepaslike ouditstandaarde (bv. ISAs), wette en regulasies van toepassing by ouditaanstellings te identifiseer • Kennis en begrip van die sleutelemente van toepassing by die uitvoering van 'n oudit te demonstreeer 		
MODULEKODE: REKP675	JAARMODULE	NKR-VLAK: 8
TITEL: FINANSIËLE BETUUR EN STRATEGIE		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na voltooiing van die module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Geïntegreerde kennis en begrip van die onderliggende teorieë, metodes en tegnieke in verband met besluitneming en kontrole aspekte in die konteks van bestuursrekeningkunde te demonstreeer • Die vermoë te demonstreeer om onderliggende teorieë, metodes en tegnieke in verband met komplekse belegging, finansiering en dividendbesluite in die konteks van finansiële bestuur toe te pas; asook om opinies, argumente en aanbevelings in die verband te maak • Die vermoë te demonstreeer om die sleutelemente van toepassing op die finansiële strategie van 'n maatskappy te bestuur en te evalueer • Kennis en begrip te demonstreeer van 'n entiteit se missie, visie en strategie 		
MODULEKODE: REKP676	JAARMODULE	NKR-VLAK: 8
TITEL: TOEGEPASTE NAVORSING IN FINANSIËLE REKENMEESTERSKAP		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na voltooiing van die module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kritiese begrip en toepassing van relevante navorsingsmetodologieë in verband met rekenmeesterskap te demonstreeer • Die vermoë te demonstreeer om 'n wye reeks bronne en inligting raad te pleeg • Die vermoë te demonstreeer om navorsingsopinies in rekeningkunde voor te berei en aan te bied • Gevallestudies in verband met praktiese scenario's in rekeningkunde op te los en om resultate en aanbevelings mondelings sowel as skriftelik te rapporteer 		

E.8.5.4.3 CIMA (BESTUURSREKENINGKUNDE)

MODULEKODE: MACC 611	SEMESTER 1	NKR-VLAK: 8
TITEL: ORGANISASIEBESTUUR		
MODULE-UITKOMSTE: Na voltooiing van hierdie module sal die student die volgende moet demonstreer: <ul style="list-style-type: none">• geïntegreerde kennis en begrip van die onderliggende funksionele areas en hulpbronne van die besigheid, sowel as die teoretiese aspekte wat die funksionele gebiede van die besigheid ondersteun;• die vermoë om die ontwikkelinge in die organisatoriese en die funksionele areas van die besigheid te evalueer en toepaslike en relevante ontwikkelings te integreer met bestaande kennis;• die vermoë om organisatoriese vaardighede en tegnieke te evalueer en toe te pas wat belangrik en relevant is vir doeltreffende bestuur van funksionele besigheidsgebiede en hulpbronne;• geïntegreerde basiese kennis en begrip van die onderliggende ekonomiese, maatskaplike en politieke konteks van die internasionale organisasies;• effektiewe operasionele vaardighede binne 'n span in die konteks van organisatoriese bestuur ten einde logiese en kritiese begrip van hierdie konteks, sowel as kommunikasie, aanbidding, leierskapsvaardighede en die neem van verantwoordelikheid vir spesifieke uitkomst van take te demonstreer.• lewenslange leervaardighede in terme van die vermoë om op datum te bly met die nuutste ontwikkelings in organisatoriese bestuur en spesifieke omgewing binne konteks.		
MODULEKODE: MACC 612	SEMESTER 1	NKR-VLAK: 8
TITEL: BEPLANNING EN EVALUASIE		
MODULE-UITKOMSTE: Na voltooiing van hierdie module sal die student die volgende moet demonstreer <ul style="list-style-type: none">• geïntegreerde kennis en begrip van die onderliggende teorieë, metodes en tegnieke wat beskikbaar is in die veld van Finansiële Bestuur en Bestuursrekeningkunde, en die vermoë om verskeie bronne van kennis, soos finansiële en nie-finansiële inligting van besighede sowel as die algemene ekonomiese omgewing krities te ontgin, gepaardgaande met 'n hersiening van daardie inligting, sowel as die wyse waarop dit verkry is;• Die vermoë om gekontekstualiseerde kennis van teorieë, metodes en tegnieke toe te pas in die veld van Finansiële Bestuur en Bestuursrekeningkunde om komplekse beplanning- en evalueringsprobleme op te los, en formulering van opinies, argumente en aanbevelings binne die konteks van die maatskappy, sowel as die spesifieke besigheidsomgewing;• effektiewe, innoverende en verantwoordelike toepassing van die omvattende eienskappe en vaardighede wat nodig is in die bestuursrekeningkundige en finansiële praktyk, insluitend etiek en professionaliteit, persoonlike eienskappe (bv. selfbestuur, leierskap en spanwerk) en professionele vaardighede (bv. effektiewe kommunikasie en benutting van inligtingstegnologie).		

MODULEKODE: MACC 613	SEMESTER 1	NKR-VLAK: 8
TITEL: BESLUITNEMING EN BEHEER		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na voltooiing van hierdie module sal die student die volgende moet demonstree:</p> <ul style="list-style-type: none"> • geïntegreerde kennis en begrip van die onderliggende teorieë, metodes en tegnieke wat beskikbaar is in die veld van rekeningkunde wat besluitneming- en beheerpraktieke ondersteun; • die vermoë om verskeie bronne van kennis met betrekking tot besluitneming en beheer van besighede sowel as die algemene ekonomiese omgewing krities te ontgin, gepaardgaande met 'n hersiening van daardie inligting, asook die wyse waarop dit funksioneer binne die besigheidsomgewing; • die vermoë om gekontekstualiseerde kennis van teorieë, metodes en tegnieke toe te pas in die veld van Bestuursrekeningkunde, om komplekse beplanning, besluitneming en kontrole probleme op te los, en formulering van opinies, argumente en aanbevelings binne die konteks van die maatskappy, sowel as die konteks van die omgewing; • effektiewe, innoverende en verantwoordelike toepassing van die omvattende eienskappe en vaardighede wat nodig is in die bestuursrekeningkundige en finansiële praktyk, insluitend etiek en professionaliteit, persoonlike eienskappe (bv. selfbestuur, leierskap en spanwerk) en professionele vaardighede (bv. effektiewe kommunikasie en benutting van inligtingstegnologie). 		
MODULEKODE: MACC 614	SEMESTER 1	NKR-VLAK: 8
TITEL: Risikobestuur (P3)		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na voltooiing van hierdie module sal die student die volgende moet demonstree:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die vermoë om die verskillende tipes risiko's, insluitend finansiële en nie-finansiële risiko's, binne 'n organisasie te identifiseer, te evalueer en te monitor; • 'n kritiese begrip van risikobestuurstrategieë van 'n organisasie, insluitend die gebruik van finansiële instrumente en meer algemene strategieë van risiko-identifisering en -bestuur ten einde geskikte stelsels van interne beheer te implementeer en te monitor. • die toepassing van 'n verskeidenheid van gespesialiseerde vaardighede om die aard van die risiko's wat die organisasie in die gesig staar te evalueer, evalueer spesifieke risikobestuur strategieë en interne beheermaatreëls terwyl regerings- en etiese kwessies in ag geneem word; • effektiewe, innoverende en verantwoordelike toepassing van die omvattende eienskappe en vaardighede wat nodig is in die bestuur van risiko's, insluitend etiek en professionaliteit, persoonlike eienskappe (bv. selfbestuur, leierskap en spanwerk) en professionele vaardighede (bv. effektiewe kommunikasie en benutting van inligtingstegnologie).. 		
MODULEKODE: MACC 621	JAARMODULE	NKR-VLAK: 8
TITEL: GEÏNTEGREERDE BESTUUR		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na voltooiing van hierdie module sal die student die volgende moet demonstree:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n holistiese, geïntegreerde siening van bestuur in die organisasie; • 'n vermoë om ontwikkelings in strategiese bestuurskonsepte te evalueer, en toepaslike en relevante ontwikkelings te integreer in bestaande areas; • die vermoë om vaardighede en tegnieke wat belangrik en relevant is vir strategiese 		

<p>bestuur en hulpbronne te evalueer en toe te pas;</p> <ul style="list-style-type: none"> • geïntegreerde kennis en begrip van die onderliggende mededingende omgewing vanuit 'n strategiese organisatoriese oogpunt – veral die ontleding van hierdie omgewing om 'n mededingende voordeel te verkry en te handhaaf; • geïntegreerde kennis en begrip van projekbestuur en die relevante vaardighede om strategiese bestuur te help en te fasiliteer; • werk effektief binne 'n span in 'n besigheidsbestuurkonteks, om logiese en kritiese begrip van so 'n konteks te demonstreer, terwyl kommunikasie, aanbieding en leierskapsvaardighede toegepas word om individue en groepe te bestuur deur die toepassing van onderhandelingsvaardighede en deur verantwoordelikheid te neem vir uitkomste van spesifieke take; • Om by te bly met lewenslange leervaardighede, asook op datum met die nuutste ontwikkelings in strategiese bestuurvaardighede, tegnieke en konsepte 		
MODULEKODE: MACC 622	SEMESTER 2	NKR-VLAK: 8
TITEL: BESIGHEIDSTRATEGIE		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na voltooiing van hierdie module sal die student die volgende moet demonstreer:</p> <ul style="list-style-type: none"> • geïntegreerde kennis en begrip van die onderliggende teorieë, metodes en tegnieke wat beskikbaar is in die gebied van besigheidstrategie; • die vermoë om meervoudige bronne van verskeie besigheidstrategieë wat funksioneer binne organisasies, sowel as die algemene ekonomiese omgewing krities te ontgin, gepaardgaande met 'n hersiening van daardie inligting, sowel as die wyse waarop dit verkry is; • toepassing van gekontekstualiseerde strategiese besigheidsteorieë, metodes, tegnieke en toepaslike modelle in die veld van besigheidstrategie ten einde komplekse strategiese probleme op te los, en opinies, argumente en aanbevelings te formuleer binne die konteks van 'n maatskappy; • effektiewe, innoverende en verantwoordelike toepassing van die omvattende eienskappe en vaardighede wat nodig is in besigheidstrategie, insluitend etiek en professionaliteit, persoonlike eienskappe (bv. selfbestuur, leierskap en spanwerk) en professionele vaardighede (bv. effektiewe kommunikasie en benutting van inligtingstechnologie). 		
MODULEKODE: MACC 623	SEMESTER 2	NKR-VLAK: 8
TITEL: FINANSIËLE REKENINGKUNDE		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die vermoë om gevorderde eksterne finansiële verslae op te stel en te kritiseer, insluitend gekonsolideerde finansiële verslae, gegrond op 'n omvattende en diepgaande kennis van die standaarde, metodes en tegnieke wat relevant is vir eksterne finansiële verslagdoeningspraktyke; • die vermoë om 'n verskeidenheid van gespesialiseerde vaardighede te gebruik om komplekse, abstrakte en/of geïntegreerde finansiële probleme te identifiseer, analiseer en aan te spreek deur stelselmatig gebruik te maak van die standaarde, metodes en tegnieke relevant tot die finansiële rekeningkundige praktyk en die spesifieke eise van die gekontekstualiseerde probleem; en • die vermoë om gekontekstualiseerde finansiële menings en argumente vir onbekende, komplekse en onseker finansiële rekeningkundige probleme aan te bied deur die 		

<p>identifisering en toepassing van self-gereguleerde leervaardighede, metodes, standaarde en tegnieke wat geskik is vir die finansiële verslagdoeningspraktyk</p>		
MODULEKODE: MACC 624	SEMESTER 2	NKR-VLAK: 8
TITEL: Finansiële STRATEGIE(F3)		
